

BENODIGDHEDE: Ongeveer 350 g Patons Cotton Top (50-g-bolle, A); en 200 g Sirdar Sun Seeker (50-g-bolle, B); breinaalde van 4 mm en 5 mm.

MATE: Om borsmaat van 87 tot 92 cm te pas.

SPANNING: 13 steke en 18 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 5-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); herh - herhaal; vermin - verminder; vermeer - vermeerder; m1 - maak een steek; tes - tesame; adl - agter deur lus; grtgo - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor; weersk - weerskante; oks - omgekeerde koussteek (= brei deurgaans een ry aweregs, een ry regs en aweregskant van werk is regte kant); RK - regte kant; VK - verkeerde kant; 3/1-rif - 3/1 riffelsteek (= brei deurgaans drie steke aweregs, een steek regs); beg - begin; alt - alternatiewe; pat - patroon.

PATROONSTEEK: Eerste ry: r1, (m1, r1adl, m1, grtgo, r5) 9 keer, r1. (Vermeerdering van 9 ste wat in aw-ry vermin word.)

2e ry: aw5, aw2tesadl, (aw 7, aw2tesadl) 8 keer, aw4 — 74 ste.

3e ry: r1, (m1, r1adl, m1, r2, grtgo, r3) 9 keer, r1.

4e ry: aw3, aw2tesadl, (aw7, aw2tesadl) 8 keer, aw6.

5e ry: r1, (r1adl, m1, r4, grtgo, r1, m1) 9 keer, r1.

6e ry: aw2, (aw2tesadl, aw7) 9 keer.

7e ry: r1, (r5, r2tes, m1, r1adl, m1) 9 keer, r1.

8e ry: aw4, aw2tes, (aw 7, aw2tes) 8 keer, aw5.

9e ry: r1, (r3, r2tes, r2, m1, r1adl, m1) 9 keer, r1.

10e ry: aw6, aw2tes, (aw7, aw2tes) 8 keer, aw3.

11e ry: r1, (m1, r1, r2tes, r4, m1, r1adl) 9 keer, r1.

12e ry: (aw7, aw2tes) 9 keer, aw2.

Herh 1e-6e ry nog een keer — 18 rye altesame.

AGTERPANT: Stel met A en 4-mm-breinaalde 72 ste op en brei 6 cm 3/1-rif. Slaan oor na B en 5-mm-breinaalde, brei 8 rye oks en vermeer 1 st aan weersk van eerste oks-ry — 74 ste.

Slaan oor na A en brei 18 rye pat. Brei nog 8 rye oks en 18 rye pat — werk is 34 cm lank vanaf beg.

Halsvorming: Vlg ry: Verdeel ste in twee en brei albei kante afsonderlik. Vermin aan halsrand elke alt ry 1 st tot 20^{de} ste oorbly.

Brei reguit voort tot 4 oks-stroke en 4 pat-stroke voltooi is — werk is 64 cm lank vanaf beg.



Vir Engelse vertaling, kyk op inhoudsbladsy.

For English version, see contents page.

VOORPANT: Soos agterpant.

AFWERKING: Werk een skouernaat toe.

Halsboord: Met 4-mm-breinaalde en A tel ste uit halsrand soos volg op: 65 ste vanat eerste skouernaat tot middel van halsrand van voorpant, middelste st, 56 ste tot tweede skouernaat en 113 ste uit halsrand van agterpant.

Brei 3 cm 3/1-rif en vermin in elke ry 1 st aan weersk van middelste st aan halsrand van voor- en agterpant. Heg af. Werk tweede skouernaat toe.

Armsgatboord: Met 4-mm-breinaalde en A tel 114 ste eweredig uit armsgatrand op tussen 3e oks-strook aan voorpant en 3e oks-strook aan agterpant. Brei 3 cm 3/1-rif en heg af. Werk synate toe.

Soos koraal op die strand